

# MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

## NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 3 SEPTEMBER 2013 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

### NOMMER 8/2013

#### 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed deur Des Muller geopen waarna al die lede welkom geheet word. Die vergadering word deur die Onder-Voorsitter, Mike Wray, waargeneem in die afwesigheid van die Voorsitter, Anton Dellelijn.

#### 2. PRESENSIE

##### 2.1 Teenwoordig

Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Pieter le Roux		Kleinbrak
Charl De Wet		Kleinbrak
Johann Muller		Reebok (onder spoor)
Johan Lotter		Reebok (bo spoor)
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Frik Nel		Reebokrif / Bewarea
Des Muller		Riverside
Len Rauch (sluit 13:30 aan)		Tergniet
Mike Wray	Onder-voorsitter	Tergniethoogte
Jan Roets		Tergniethoogte
Dorothy Barnard		Sekretaris/Tesourier

##### 2.2 Op uitnodiging

Raadsheer Kallie Smit (tot 14:30)	Raadslid – Wyk 4
Raadslid Gibo Gerber	Raadslid – Wyk 5
Rozain Hansen	Munisipaliteit

##### 2.3 Afwesig met verskoning

Frans de Graaff	Munisipaliteit	
Abdul Coleridge	Munisipaliteit	
Anton Dellelijn	Voorsitter	Tergniet
Lavinia Lunow		Fraaiuitsig
Terrie Terblanche		Riverside

#### 3. LIEF EN LEED

Gelukwense aan Kruger de Wet (12 September) en Johann Muller (22 September) met hul verjaarsdae gedurende September.

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
4.	<p><b>GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING</b></p> <p>Die notule van die vorige vergadering word met die volgende wysigings goedgekeur:</p> <p>Item 6.4 – Voeg "kennis" by na "neem". Item 13.4 – Voeg by: Geen probleme nie.</p> <p>Voorgestel en gesekondeer deur Johann Muller en Frik Nel.</p>	
5.	<p><b>AANVULLENDE AGENDA</b></p>	
5.1	<p><b>Wykskomiteevergadering gehou op 19 Augustus 2013 - terugvoer</b></p> <p>Die vergadering was goed verteenwoordig omdat die Vereniging uitnodigings aan inwoners gestuur het. Raadsheer Smit word bedank vir die insette wat hy tydens die vergadering gemaak het oor die werkswyse en bydraes van die Vereniging. Haal af.</p>	
5.2	<p><b>Ongemagtigde strukture (Wendy huis en skadunet) in Impalaweg</b></p> <p>Die eienaar het, nadat die bou-inspekteur 'n kennisgewing gedien het, aansoek gedoen om die Wendy huis en afdak te behou. Hy het planne ingedien vir die bou van 'n motor- en wendyhuis, maar dit was afgekeur.</p> <p>Mnr Eddie Kruger van Stadsbeplanning moet nou besluit of toestemming verleen sal word om die strukture te behou.</p>	
5.3	<p><b>Instandhouding van eiendom en bystand aan pensioenarisse</b></p> <p>Die deernisbeleid van die Munisipaliteit maak voorsiening daarvoor, dat sekere mense, en veral pensioenarisse, kan aansoek doen vir sekere kortings op munisipale belastinge en dienstegelede, binne sekere kategorieë.</p> <p>'n Versoek is van 'n inwoner ontvang dat die Munisipaliteit versoek moet word om te kyk of daar nie ook voorsiening gemaak kan word om bejaardes, sê ouer as 75 jaar, wat nie meer self hul persele kan netjies hou nie, en nou mense moet huur om dit vir hulle te doen, nie op een of ander manier tegemoet te kom nie. Dit is tot almal se voordeel indien die woongebiede netjies en ordelik vertoon.</p> <p>Kontroleerbaarheid met so 'n versoek word bevraagteken, maar Raadsheer Smit onderneem om die voorstel aan die Munisipaliteit voor te hou vir oorweging.</p>	Kallie
5.4	<p><b>Alternatiewe uit-/ingange by woonbuurtes</b></p> <p>'n Navraag is van 'n inwoner ontvang oor hoe die inwoners van Tergniet en Reebokhoogte in en uit die gebied sal kom indien daar byvoorbeeld 'n trok knipmes en die ENIGSTE in-/uitgang by Seester versper word.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
5.5	<p>Alhoewel daar in geval van noodgevalle maatreëls in plek is en omdat die probleem nie geïsoleerd is nie, word besluit dat die Munisipaliteit genader sal word vir insette/kommentaar.</p> <p><b>Impalaweg: Aanbring van tweede seëllaag</b></p> <p>Omdat daar weens die baie reën heelwat gate in Impalaweg is, word navraag gedoen oor wanneer die tweede seëllaag aangebring gaan word. Die aangeleentheid moet onder mnr Myburgh se aandag gebring word.</p> <p>Daar word ook versoek dat die Vereniging voorsien word met die nuutste beplanningskediule vir herseël van strate in die gebied.</p>	Dorothy  Rozain  Rozain
5.6	<p><b>Kieserregistrasie</b></p> <p>Raadslid Gerber versoek lede om bewusmaking van die registrasie onder inwoners te bevorder en ook jongmense aan te moedig om te stem.</p> <p>Teiken registrasies vind plaas vanaf 11 – 13 September 2013, maar amptenare van die OVK sal deur-tot-deur besoeke doen. Geen lokaal sal dus oop wees nie. Die algemene landwye registrasies vind plaas op 9 – 10 November 2013.</p> <p>Inwoners moet deur middel van die webtuiste van die datums bewus gemaak word. Haal af.</p>	Dorothy
6.	<p><b>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</b></p>	
6.1	<p><b>Terugvoer oor bywoning van munisipale komiteevergadering gehou op 14 Augustus 2013</b></p> <p>Die vergadering is deur Anton en Dorothy bygewoon en is baie positief ervaar. Des en Mike sal die vergadering van 11 September 2013 bywoon.</p>	Des / Mike
6.2	<p><b>Databasis van inwoners</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat inwoners se kontakbesonderhede as uiters vertroulik hanteer word en slegs deur die Sekretaris gebruik word. Lede sal inligting, wanneer beskikbaar, aan die Sekretaris stuur vir opdatering van die databasis. Haal af.</p>	Lede / Dorothy
6.3	<p><b>Hersiening van straatname in die gebied</b></p> <p>Die konsep verslag van die sub-komitee word met wysigings goedgekeur. Die Sekretaris word versoek om die skrywe aan die Munisipaliteit te finaliseer.</p> <p>Omdat verwarring met straatname in alle woongebiede in die Mosselbaai distrik voorkom, word versoek dat mnr Harry Hill genader word om 'n berig in die Mosselbay Advertiser te plaas sodat inwoners bewus gemaak word om duidelike aanwysings te verskaf en dat voorstede benadruk word. Haal af.</p>	Dorothy  Rozain

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6,4	<p><b>GPS inligting</b></p> <p>Ter verduideliking van prosedures wat gevolg word, word onderstaande uittreksel uit 'n e-pos van mnr Eddie Kruger van die Munisipaliteit ter inligting genotuleer:</p> <p>"Met die proses van dorpsontwikkeling word 'n Artikel 25 goedkeuring uitgereik op 'n uitlegplan wat verkieslik oor volledige straatname moet beskik wat deur die Raad goedgekeur is. Hierna word 'n Landmeter opdrag gegee om die dorpsuitleg op te meet en 'n volledige algemene plan op te stel wat ook alle amptelike straatname moet aantoon. Dit word as sulks in die kantoor van die Landmeter-Generaal geregistreer en goedgekeur.</p> <p>Hierdie inligting is nie vertroulik nie en enige persoon kan versoek om toegang daartoe te verkry op die webwerf van die Landmeter-Generaal. Enige instansie soos Google Earth of enige persoon kan die inligting aflaai. Dit is ook op verskeie webwerwe en GIS produkte beskikbaar. Wat Google Earth daarmee maak het ons nie beheer oor nie. Ons kan ook sekere inligting aan die publiek beskikbaar stel soos algemene planne, uitlegplanne, soneringsplanne, ens., indien daarom gevra word. Indien Google Earth probleme met die identifisering van gebiede ondervind, is hulle meer as welkom om by ons aan te klop om duidelikheid te verskaf." Haal af.</p>	
6.5	<p><b>Onwettige ingang vanuit Impalaweg – Erf 1155</b></p> <p>Onderhandelinge tussen die eienaar en munisipaliteit is in 'n gevorderde stadium en behoort eersdaags gefinaliseer te wees.</p>	Dorothy
6.6	<p><b>Tennisbane, Klein-Brakrivier (opgradering en eiendomsreg)</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat opgradering van die tennisbane tydens die Raadsvergadering van 29 Augustus goedgekeur is. Oordrag van die eiendom is 'n lang proses en sal gemonitor word. Sit op aktiwiteitslys.</p>	Dorothy
6.7	<p><b>R102 - Skoonmaak van sypaadjies</b></p> <p>Gate op die naamlose pad tussen die R102 en Impalaweg is herstel. Skoonmaak van sypaadjies staan oor.</p>	Anton
6.8	<p><b>Grondwet hersiening</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat 'n prokureur tans die bestaande grondwet hersien om te verseker dat dit volledig en korrek is. Staam oor.</p>	Anton / Dorothy
6.9	<p><b>Honde op strande – publieke deelname proses deur MEP</b></p> <p>Mnr Harry Hill is versoek om die uitslag van die publieke deelname proses deur MEP, in die Munisipale Nuusbrief aan inwoners bekend te maak.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	<p>Die manier waarop die proses hanteer is, is onbevredigend. Baie inwoners is onbewus van die publieke deelname proses en klagtes oor toename van loslopende honde op strande word ontvang. Navraag word gedoen oor die bedrag wat MEP betaal is/word vir die proses. Staan oor.</p> <p>Die vergadering neem kennis van die inligtingsbord by Derde Laan wat deur vandale beskadig is.</p> <p>Inwoners word versoek om foto's van loslopende honde te neem en dit saam met die adres van die eienaar aan die Verkeersdepartement te stuur vir optrede.</p>	<p>Gibo</p> <p>Lede</p>
<b>6.10</b>	<p><b>Aflaaipte vir huishoudelike afval</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat kwotasies vir aanbring van skadunette in proses is.</p> <p>Die voorstel vir gewysigde kennisgewings word met wysigings goedgekeur. Haal af.</p>	<p>Rozain</p> <p>Rozain</p>
<b>6.11</b>	<p><b>Plakkers / bosslapers (agterkant van De Lange uitbreiding op die punt van Arcaciastraat) (voorheen Markus Louw se eiendom)</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat kennisgewings, per geregistreerde pos, aan die nuwe eienaar, Seebou Wonings CC (H Seegers) gestuur sal word omdat die strukture sonder goedkeuring opgerig is.</p>	<p>Rozain / Frans</p>
<b>6.12</b>	<p><b>Voetgangers in Tergniet/Grootbrak</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van die Wnde Hoof: Gemeenskapsveiligheid se aksies en onder andere:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>➤ die probleem is by die maandelikse JOINTS vergadering met SAPD, Provinsie, Verkeer, SANDAF, ens. onder wetstoepassers se aandag gebring;</li> <li>➤ Stadsbeplanning is skriftelik versoek om eienaars van leë erwe te kontak sodat erwe ontbos word om dit minder gevaarlik te maak; en</li> <li>➤ SANRAL is versoek om die trappies wat vir 'n deurloop gebou is dadelik af te breek aangesien dit teenstrydig is met die Wet oor voetgangers op die N2. Haal af.</li> </ul>	
<b>6.13</b>	<p><b>Buitereklame en advertensietekens</b></p> <p>Die verslag van die sub-komitee is gefinaliseer en is 'n skrywe aan die Munisipaliteit gestuur waarin bevestig word dat die Vereniging die konsep verordeninge ondersteun. Haal af.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.14	<p><b>Pad na Powertown / bootlanding</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat die grond pad die Provinsiale Owerheid se verantwoordelikheid is en dat die Munisipaliteit slegs verantwoordelik is vir die gedeelte vanaf die teer tot by die grondpad.</p> <p>'n Skrywe moet aan die Provinsiale Owerheid gestuur word waarin versoek word dat die pad in stand gehou word.</p>	Dorothy
6.15	<p><b>Draaisirkel aan die einde van die pad in Kusweg, rigting Tergniet</b></p> <p>Grondpaaie sal gedurende die week van 9 September gekompakteer word. Haal af.</p>	
6.16	<p><b>Kleuterskool in Riverside</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van aksies deur me Valmé Makwak, Maatskaplike Werkster by die Munisipaliteit om bystand aan die kleuterskool te verleen. Haal af.</p>	
8.	<p><b>PROJEKTE</b></p>	
8.1	<p><b>Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering</b></p>	
8.1.1	<p><b><i>"Welkom in Reebok" inligtingstekens</i></b></p> <p>Die bord is geskuif en staan teenoor die Engelse teken in die omgewing van die Poskantoor. Die pale waarop die vorige teken gestaan het, moet verwyder word.</p>	Rozain
8.1.2	<p><b><i>Oprigting van 10 ton limiet inligtingstekens</i></b></p> <p>Die aangeleentheid is reeds lank uitstaande. Volgens 'n e-pos van mnr Ralph Dickson van 16 Augustus, sou die tekens teen 23 Augustus opgerig wees. Rozain word versoek om navraag te doen oor waar die borde opgerig is.</p>	Rozain
8.1.3	<p><b><i>Inligtingstekens in Harrisstraat</i></b></p> <p>Die inligtingstekens wat op die grond lê moet verwyder word.</p>	Rozain
8.2	<p><b>Skoonmaak van erwe</b></p> <p>'n Versoek is ontvang vir die ontbossing van die erf langs Alex van Zyl snr. se huis te Kusweg.</p> <p>Besonderhede oor erwe wat skoongemaak moet word, moet per e-pos aan Johann Muller gestuur word.</p>	Johann  Lede
8.3	<p><b>Rampbestuur</b></p> <p>Charl het niks om te rapporteer nie aangesien hy afhanklik is van inligting deur Gibo. Staan oor.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
9.	<p><b>FINANSIES</b></p> <p>Banksaldo is R13 031,48 en kontant voorhande R772,55.</p>	
10.	<p><b>POLISIËRING / BUURTWAG</b></p> <p>Die Algemene Jaarvergadering van die Midbrak Buurtwag sal plaasvind op 9 September 2013 – 18:00 in die Reebok Gemeenskapsaal.</p>	Lede
11.	<p><b>BEWAREA</b></p> <p>Inligtingstekens oor skilpaaie wat verwyder is sal teruggesit word. Haal af.</p>	
12.	<p><b>PLAASLIKE SAKE</b></p>	
12.1	<p><b>Fraaiuitsig</b></p> <p>Die Melkhoutboom wat kragtoevoer kables verdring by die aansluiting van Victoria- en Seashellstraat moet gerapporteer word.</p>	Rozain
12.2	<p><b>Klein-Brakrivier</b></p>	
12.2.1	<p><b><i>Opgradering van Olckersweg parkeerarea</i></b></p> <p>By navraag oor wanneer die plaveisel aandag sal geniet, het mnr Cobus Louw, Professionele Ingenieur soos volg berig:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>➤ 2012/2013 Begroting – Vote Nr - 34468 125 1071 - R 150 000.</li> <li>➤ Goedgekeurde EMMP verval 30 Mei 2016.</li> <li>➤ Met die beskikbare fondse kon ons slegs die stormwater suksesvol aanspreek. Daar is egter vedere stormwater infrastruktuur wat voltooi moet word saam met die “plaveisel” van die ryoppervlak.</li> <li>➤ Om die projek suksesvol te voltooi volgens die wens van die Midbrak Betalersvereniging soos bespreek tydens die EMMP proses word ‘n verdere R428 000 + 14% benodig. Hierdie bedrag is geskaleer tot einde Junie 2012.</li> </ul> <p>Kommer word uitgespreek omdat te veel geld aan konsultante se omgewingsimpakstudies spandeer word en daar gevolglik min fondse op die begroting oorbly om die werklike werk te verrig. Die versoek is dus dat dit reeds in die "Omvang van Werk" van konsultante aangespreek word. Op voorstel van Raadslid Gerber sal die aangeleentheid op die GOP-lys aangebring word. Haal af.</p>	Dorothy
12.2.2	<p><b><i>Trappe na die see / Blouvlag status</i></b></p> <p>Volledigheidshalwe word 'n e-pos van mnr Abrie Nel, gedateer 15 Augustus, genotuleer:</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	<p>"Wat die verkryging van Blouvlag status vir Kleinbrak aanbetref verloop alles volgens plan en is ons vol vertroue dat ons suksesvol sal wees om wel die status te verkry. Daar is egter nie begroot vir al die nodige veranderinge en verbeteringe asook noodsaaklike toerusting wat aangekoop moet word om aan al die vereiste van Blouvlag te voldoen nie. Mnr. Puren is in die proses om die gelde wat vir die gestremde toegang geormerk is oor te plaas vir die werk wat gedoen moet word om aan Blouvlag status te voldoen. Die plasing van 'n rolstoel toegang gaan dus nie voort nie. Die ander probleem rakende die rolstoel toegang is dat daar 'n omgewingsproses gevolg moet word alvorens enige konstruksie werk gedoen kan word. Die voorstel is dus dat die belastingbetalersvereniging hierdie projek weer op toekomstige begrotings probeer plaas."</p>	Rozain
12.2.3	<p>Toegang tot water/strand vir gestremdes moet op die GOP-lys aangebring word. Haal af.</p> <p><b>Mensgemaakte duin – Versoek deur Magda Pieterse</b></p>	Dorothy
	<p>Die vergadering neem kennis van terugvoer van Departement Omgewingsake. Haal af.</p>	
12.3	<p><b>Reebok</b></p>	
12.3.1	<p><b>Noord van die spoorlyn</b></p> <p>Geen ernstige probleme.</p>	
12.3.2	<p><b>Suid van die spoorlyn</b></p> <p>Geen probleme om te rapporteer nie.</p>	
12.4	<p><b>Reebokhoogte</b></p> <p>Versoek vir aanbring van nog 'n spoedkalmering hobbel in Seesterstraat moet op die GOP lys aangebring word. Haal af.</p>	Dorothy
12.5	<p><b>Rebokrif</b></p>	
12.5.1	<p><b>Fluktuasie in kragtoevoer</b></p> <p>Rozain word versoek om die aangeleentheid aan mnr Naidoo te rapporteer omdat inwoners met sensitiewe toerusting verliese kan lei. Frik Nel kan gekontak word vir verdere navrae.</p>	Rozain
12.5.2	<p><b>Defekte waterpype / bruin water en druk probleme</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van mnr Eric Louw se versoek dat vuil water en druk probleme dadelik aan hom gerapporteer moet word sodat aandag dadelik daaraan gegee kan word. Haal af.</p>	Lede



ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
12.6	<b>Riverside</b>	
12.6.1	<b><i>Stormwaterdreinerings by 2de en 4de Laan</i></b>	
	Opmeting is gedoen, maar die amptenaar het die inligting foutiewelik aan Altus Eitner gestuur wat nou reggestel sal word. Haal af.	
12.7	<b>Tergniet en De Lange Uitbreiding</b>	
	Die Munisipaliteit word bedank vir die herstel van die pad in De Lange Uitbreiding. Haal af.	
12.8	<b>Tergniethoogte</b>	
12.8.1	<b><i>Ablusiegeriewe in Tergniet en skoonmakers in die gebied</i></b>	
	Volgens terugvoer van mnr Abrie Nel sal die aangeleentheid met die strand entrepreneur opgeneem word. Haal af.	
13.	<b>KORRESPONDENSIE</b>	
14.	<b>VOLGENDE VERGADERING</b>	
	Dinsdag, 1 Oktober - 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal.	
15.	<b>VERDAGING</b>	
	Die vergadering verdaag om 15:00.	
	DOROTHY BARNARD <b>NOTULEERDER</b>	
	GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 9/2013 GEHOU OP 1 OKTOBER 2013 – 13:00.	
	ANTON DELLEMIJN <b>VOORSITTER</b>	